STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

9 FEBRUARIE 2020

# GEMEENTEBULLETIN

EPIFANIE

OGGENDDIENSTE

Van nou af aan . . .

Matt. 4:18-22

RELEVANT-DIENS

Blessed to impress

DEUROFFER

Studente-bearbeiding

(Sinodaal)

Die bediening fokus op die ondersteuning van studente in Stellenbosch, Tygerberg en Wellington, asook die postmatriek-fees. Navorsing word ook gedoen oor die bediening aan studente en jong volwassenes, om die bediening aan te pas en te verbeter.

## EREDIENSTE

| | | | 9 Februarie | | 16 Februarie | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 09:00 | Kerk | Oggenddiens | Ds. Visagie | 3 | Dr. Hanekom | 4 |
| 09:00 | Kleinsaal | Gesinsdiens | Ds. Potgieter | 6 | Ds. Duvenhage | 8 |
| 09:00 | Kapel | Meditatief | Ds. Dietmann | - | Ds. Visagie | - |
| 09:00 | Grootsaal | Blokdiens vir nuwe intrekkers | | - | Ds. Breytenbach | - |
| 18:00 | Kerk | Relevant | Ds. Breytenbach | - | Ds. Ackerman | - |
| 19:00 | Kapel | Aanddiens | Ds. Visagie | 11 | Mike v. Deventer | 12 |

## *DATE NIGHT* — VERHOUDINGSKURSUS

*Date night* is 'n verhoudingskursus wat vanaf 20 Februarie vir vier weke, Donderdagaande om 18:30, by die saalkompleks aangebied word. Kom sit saam met jou maat aan tafel, geniet 'n bord kos en glas wyn en bespreek relevante verhoudingskwessies met mekaar. Kinderoppassers is in die grootsaal beskikbaar. Die koste vir die kursus is R200 per paartjie. Bespreek plek by Anneke, sos@stellenberg.co.za/021 976 8029.

## LEEF IN VOLKLEUR – VROUEAAND

Vroue word uitgenooi na 'n vroueaand op Donderdag 12 Maart vanaf 19:00 tot 21:00 in die kleinsaal. 'n Ligte ete word bedien en die bekende spreker en skrywer, Lynette Beer, kom gesels oor 'n lewe in volkleur. Sy kom deel die vierkleurige temperamentmodel wat sy ontwikkel het, met ons. Die model bemagtig mense om hulle hoogste potensiaal op persoonlike en professionele vlak te bereik.

Koste: R200 per persoon. Besprekings by Karin: 021 976 4519/ karin@stellenberg.co.za

## JEUGDAGBOEK

- BELYDENISAFLEGGING: Daar is op Sondag 1 Maart geleentheid vir tieners om hulle geloof voor die gemeente te bely. Besoek www.stellenberg.co.za om die inligtingstuk en aansoekvorm af te laai.
- RELEVANT: Dis vir jong volwassenes. Ons luister 15 min. lank na 'n aanbieding en gesels dan saam oor die onderwerp. Woensdagaande 19:00 in die markplein en Sondae na die aanddiens in die komiteekamer.

## ANNIBRAND JUNIOR

- Baie dankie vir ouers se samewerking met registrasie. Aanlyn registrasies kan tot einde Feb. steeds gedoen word.
- Ons is dankbaar vir ouers wat reageer het en hul hulp as leiers aangebied het. Ons benodig egter steeds leiers by die graad 1- en-3-groepe.
- Onthou asb. van die graad 6-en-7-kamp met die tema *The game is on*! Dit word vanaf 21 tot 23 Februarie by die Simonsberg-kampterrein, Stellenbosch, aangebied. Aansoekvorms is op www.stellenberg.co.za beskikbaar.

## PAASFEESKOOR

Lidmate wat in die Paasfeeskoor wil sing, moet asb. op Woensdag 19 Feb. om 18:30 by die kerk byeenkom. Die koor sal tydens die Paassangdiens op Maandag 6 April om 19:00 in die kerk optree.

## WOLSKENKINGS

Ons breigroep het dringend wol nodig vir die serpe en musse wat hulle vir die winteruiteike brei. Gee asb. wolbydraes by die kerkkantoor af. Enige kleur of hoeveelheid wol is baie welkom.

## GEMEENTENUUS

Stuur 'n e-pos na sanel@stellenberg.co.za om die Bulletin, Samaritaan en Stellenberger per e-pos te ontvang, of WhatsApp jou naam en selfoonnommer na Sanèl by 083 611 4720 om die Bulletin en Samaritaan op jou selfoon te ontvang.

### KATEGESE KLEINGROEPE

Graad 1: Jeuglokaal

Graad 2 en 3: Kleinsaal

Graad 4 - 6: Grootsaal

Graad 7: Bovertrek

Graad 8: Grootsaal

Graad 9: Jeuglokaal

Graad 10: Kerk

### BREIGROEP

Kom op 2 Maart om 09:30 in die markplein bymekaar.

### NAVORSING OOR DEPRESSIE

Die US en Wes-Kaapse Sinode is op soek na persone wat aan depressie ly en bereid is om aan navorsing oor die siektetoestand deel te neem. Dit behels 'n telefoniese onderhoud en die voltooiing van 'n vraelys. Anonimiteit word gewaarborg en jou bydrae kan ander help.

Kontak dr. Christelle Bekker

0832669659

## VATVYF

Woensdag 19 Februarie om 09:30 in die kleinsaal.

Pierre Nortjé, 'n munthandelaar, kom gesels met ons oor wat 'n mens se ou geld en ander versamelaaritems werd is. Kom geniet verversings vooraf en luister saam na die interessante onderwerp. Toegang is gratis, maar bespreek asb. jou plek by Karin 021 976 4519, voor of op Maandag 17 Februarie.

## ONS BENODIG HULP . . .

Baie dankie aan lidmate wat reeds hulp aangebied het. Die onderstaande aktiwiteite kort egter nog helpers:

- **Sekuriteitdiensbeurte** tydens eredienste. Diensbeurte is ongeveer sesweekliks. Meld by Lindy lindy@stellenberg.co.za/021 976 4519 aan.
- **Eredienswerkers** word veral by die oggend- en gesinsdienste benodig. Jy sal een keer per maand aan diens wees en is verantwoordelik vir die opneem van kollekte, die uitdeel van die nagmaal en die verwelkoming van lidmate. Meld by Odette, odette@stellenberg.co.za/021 976 4519 aan.
- **Helpers om blomme**, tydens spesiale geleenthede, in die kerk te voorsien. Jy sal een keer per kwartaal 'n beurt kry. Kontak Odette by odette@stellenberg.co.za/021 976 4519 om jou hulp aan te bied.

## REKENAAROPERATEURS

Ons benodig rekenaaroperateurs wat tydens eredienste met die vertoning van liedere se woorde en ander visuele aanbiedings behulpsaam kan wees. Vergoeding R70 per uur. Kontak Hanlie by 021 976 4519/hanlie@stellenberg.co.za.

## NUWE LIDMATE

Hartlik welkom in Stellenberg-gemeente. Stuur asb. 'n e-pos aan odette@stellenberg.co.za, of skakel die kerkkantoor by 021 976 4519 om aan te meld. Ons wil julle graag persoonlik verwelkom.

### EDELWEISS BYBELSTUDIE

Geen Bybelstudie op 13 Februarie.

### NAGMAAL

Sondag 23 Februarie om **17:30**

### TIENDEMAAND-INSAMELING

Ons mikpunt is R1 850 000 en ons is dankbaar vir bydraes wat steeds inbetaal word. **R 1 279 460** is sover ingesamel. Die insameling word uitsluitlik vir die gemeente se werksaamhede aangewend. Bydraes kan tot einde Feb. via SnapScan, by die kerkkantoor, of elektronies oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, gebruik TIENDEMAAND as verwysing.

### GEBEDSGROEPE

- Vrouegebedsgroep Maandagoggende om 09:15 in die kapel.
- Asemskep-gebedsgroep Dinsdagaande om 18:30 in die kapel.
- Mannegebedsgroep Donderdagoggende om 06:00 in die kafeteria.

## HOE LEEF EN PREEK ONS HOOP?

Gelowiges word altyd opgeroep om met hoop en verwagting te leef, juis in verwarrende en negatiewe tye soos vandag. Coenie Burger en Braam Hanekom lei 'n gesprek hieroor vir predikante, gemeenteleiers en lidmate in die kleinsaal op Donderdag 13 Februarie van 09:00 tot 12:00. Koste: R50 per persoon. Inskrywings: SPG-kantoor 021 957 7202 of spg@kaapkerk.co.za

## BASAAR 6 MAART 2020

Lidmate word uitgenooi om aan 2020 se basaar deel te neem.

**Helpers:** Ons het helpers by bedieningspunte en kaartjieverkope nodig. Bied asb. jou hulp by Deon Maree 082 869 0364 aan.

**Offertafel:** Skenk asb. enige gebakte produkte vir die offertafel. Die predikantespan gaan ook elkeen hulle bakvernuf vir die offertafel ten toon stel. Ons sal julle op hoogte hou waarna julle kan uitsien. Gee jou bydrae met 'n prys op Vrydagoggend 3 Maart by die grootsaal af.

**Poedingtafel:** Helpers vir die maak en verkoop van poedings word benodig. SMS/ WhatsApp vir Magdalena Saayman by 082 454 9485 en dui aan waarmee jy kan help.

**Witolifanttafel:** Dis tyd om die laaie en kaste uit te skud. Enige bruikbare artikels soos kombuisware, boeke, ornamente, gereedskap is welkom. Gee bydraes by die kerkkantoor af.

**Jaffelpanne:** Kan ons jou jaffelpan leen? Ons sal dit mooi oppas. Gee dit met jou naam daaraan vasgemaak, by die kerkkantoor af.

**Vir die jongspan**: Daar is weer 'n abseiltoring in die kleinsaal. Lekker pryse is op die spel vir die hoogste klimmer en vir jonger kinders is daar lekker springkastele en gesigverf.

**Donasies**: Help om die onkoste laag te hou, en sal baie waardeer word. Bydraes kan by die kerkkantoor inbetaal word, per EFT na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005 oorbetaal word, of met SnapScan gemaak word. Gebruik BASAAR as verwysing.

**Kontakpersoon:** Deon Maree by 082 869 0364 of deon@mediationforum.co.za

### STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Daar is kliniese sielkundiges, mediators, spraak- en arbeids-terapeute, asook 'n musiekterapeut beskikbaar.

Afsprake kan tussen 09:00 en 12:00 by 021 976 8029 gemaak word, of skakel die sentrumbestuurder Rudolph van Schoor by 082 854 4530.

### HUISGELOOF

Gesinne kan Bybeldagstukkies vir die week op www.stellenberg.co.za kry en aflaai. Die Bybelstudiestukke is kort en het besprekingsvrae vir gesinne.

### STELLENBERG-GEMEENTE SNAPSCANKODE